

[Waar nodig, rond af tot 2 desimale.]

(1) Banke bied die volgende moontlikhede aan:

(a) Enkelvoudige rente teen 12% pj vir 6 jaar.

(b) Enkelvoudige rente teen 1,25% per maand vir 5 jaar.

(c) Saamgestelde rente teen 9% pj vir 6 jaar, jaarliks saamgestel.

(d) Saamgestelde rente teen 10% pj vir 5 jaar, halfjaarliks saamgestel.

Watter van bogenoemde sal die beste opsie wees vir 'n belegging van R100 000?

$$(a) A = P(1 + i \times n)$$

$$= 100\,000(1 + 0,12 \times 6)$$

$$A = R172\,000$$

$$(b) A = P(1 + i \times n)$$

$$= 100\,000(1 + 0,0125 \times 60)$$

$$A = R175\,000$$

$$(c) A = P(1 + i)^n$$

$$= 100\,000(1 + 0,09)^6$$

$$A = R167\,710,01$$

$$(d) A = P(1 + i)^n$$

$$= 100\,000(1 + 0,05)^{10}$$

$$A = R162\,889,46$$

\therefore Die beste opsie is (b)

(2) Een Britse pond kos R13,50 en een Amerikaanse dollar kos R7,24. Bereken die wisselkoers tussen die Britse pond en die Amerikaanse dollar.

$$£1 = \frac{13,50}{7,24}$$

$$\therefore £1 = \$1,86$$

$$\text{of } \$ = \frac{7,24}{13,50}$$

$$\therefore \$ = £0,54$$

- (3) Ronald het agt jaar terug besluit om R30 000 vas te belê in die buiteland. Hy het dit in Brittanje belê teen 'n vaste koers (in Brittanje) van 3% p.j. saamgestelde rente. Toe hy dit belê het 8 jaar gelede was die wisselkoers £1 = R10,47. Hoeveel rand sal hy nou uitbetaal word indien die huidige wisselkoers £1 = R13,28 is? Dink jy dit was 'n wyse besluit om in Brittanje die geld te belê en is nou 'n goeie tyd om die geld te onttrek?

Agst jaar gelede:

$$R30\,000 = \frac{30\,000}{10,47} = \text{£}2\,865,329\dots$$

∴ Belegging:

$$A = ?$$

$$A = P(1+i)^n$$

$$P = \text{£}2\,865,33$$

$$= 2\,865,33(1+0,03)^8$$

$$i = \frac{3}{100} = 0,03$$

$$A = \text{£}3\,629,7137$$

$$n = 8 \text{ jr}$$

Belegging uitbetaling:

$$\text{£}3\,629,7137 \times 13,28$$

$$= \text{R}48\,202,60$$

Die wysheid v/d besluit sal afhang v/d SA rentekoers in vergelyking met die Britse rentekoers.

Dit is 'n goeie tyd om die geld te onttrek aangesien die wisselkoers baie beter is as die wisselkoers waarteen dit belê is.

$$(\text{R}10,47 \leftrightarrow \text{R}13,28)$$